

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2013

Preek 4

Lees: Fil.1:1-11

Teks: Fil.1:6

Psalms: 89:1; 86:1,3; 86:6; 89:3,7; 84:3,4

1. Inleiding:

Dit is 'n heerlike wonder as God in ons lewens ingryp en aan ons die geloof gee. Daar is niks wat ons blyer as dit maak nie. **God se dade** in ons lewens **gee ons vreugde**. Wat Hy doen, is die bron van ons blydschap. Deur sy evangelie lê Hy sy hande op ons en plaas Hy ons op die weg na die nuwe Jerusalem, waar daar vir ons 'n vreugde sonder einde wag.

Self wou ons nie teruggaan na God toe nie, maar dit is nou juis die wonder: sonder dat ons daarvoor gevra het, het die Here ons gevat en ons geplaas op die weg van die ewige lewe. Dit is genade.

Wanneer die Here dus aan ons die geloof en die bekering skenk, plaas Hy ons op 'n nuwe weg. Waar ons eers op pad was na die verderf, daar is ons nou op weg na die nuwe aarde onder die nuwe hemel. So kan ons daarom die lewe van elke gelowige: **ons is op weg**.

Maar ag, **op daardie weg is daar soveel gevaar**. Daar is soveel vyande wat ons van hierdie pad af wil kry.. Die Dordtse Leerreëls (5:3) noem drie (vgl ook HK 52:127):

1. ons eie sondige geaardheid,
2. die aanvalle van die wêreld en
3. die aanslag van die duiwel.

En dan maak ons **belydenis dié gevolgtrekking**: ons sou nooit in die genade volhard of aangehou het, as ons aan ons eie kragte oorgelaat sou word nie. Of om aan te sluit by die beeld van 'n pad: ons sou nooit op die weg van die geloof gebly het, as dit van onself sou afhang nie. As dit van onself sou afhang, sou ons nimmer as te nooit eenmaal, aan die einde van hierdie weg, die pêrelpoorte van die nuwe Jerusalem met sy goue strate ingegaan het nie.

Maar dit is nou juis die wonder van die evangelie: **God plaas ons nie alleen op die weg** van die lewe nie. Hy **hou ons ook daarop**. Ons is so swak en ons vyande is so gedug. **Maar**, sê die DL, **MAAR** God is getrou. Hy sal ons tot die einde toe bewaar. **MAAR GOD** - dit is die **MAAR** van sy bewarende genade.

Ons is soms so bekommerd oor die voortbestaan van die kerk, as ons die enorme afval rondom ons sien. Partykeer wonder ons of daar ooit nog oor 'n eeu 'n kerk sal wees. Maar dink ons nog daaraan dat die kerk nie alleen deur hierdie wêreld gaan nie? En as ons wonder hoe ons self ooit tot die einde toe staande sal kan bly - dink ons dan nog daaraan tot God saam met sy volk op hierdie weg gaan?

In ons teksgedeelte wil die Heilige Gees nou juis ook ons aandag op hierdie bewarende werk van die Here vestig. En nou moet u nooit vergeet nie: Filippense is die brief van die blydschap. Dit leer ons daarom ook **die oorsaak van ons blydschap: die werk van God**. Wat God doen, maak ons bly en dat God steeds met ons wil wees op hierdie moeilike weg - **dít** gee ons vreugde.

Ons let daarom op:

1. die **goeie werk** wat in ons begin is;
2. **Wie** die goeie werk in ons begin het en voorsit; en
3. die **doel** van die goeie werk.

2.1. Die GOEIE WERK wat in ons begin is

In ons teks praat Paulus van 'n goeie werk wat in ons begin is en wat voltooi sal word tot op die dag van Christus.

Maar - **wat is daardie goeie werk** presies?

In vers 5 sê die apostel presies wat daardie goeie werk is: Ek dank my God...oor **julle gemeenskap aan die evangelie** van die eerste dag af tot nou toe.

Julle gemeenskap, julle deel hê aan die heerlike evangelie - **dít** is die goeie werk waarom dit gaan. Die Here het in die Filippense se harte gewerk en aan hulle die geloof gegee. So het hulle deelgekry aan die rykdom van die blye boodskap.

Wanneer ons tot geloof kom, kry ons ook gemeenskap aan die evangelie. **Deur die geloof** word ons ingelei in die skatkamers van die blye boodskap. Deur die geloof word ons ingeplant in die heilswerk van Jesus Christus. As u dus glo, mag u weet dat die Here van die kerk die goeie werk ook in u begin het.

Dat dit gaan om **die geloof**, kan ook gesien word in die woordjie **in** in ons teks. Want Paulus praat van 'n goeie werk wat **in** ons begin is. In ons het daar iets gebeur: in ons hart en in ons siel. Die deur van ons hart is geopen soos wat met Lidia gebeur het, sodat die evangelie kon ingaan. Die grendel van die poort van ons siel is opgelig en ons is volgestort met die weelde van die evangelie, daardie heerlike, blye reddingsboodskap.

Maar ons kom by die tweede:

2.2. WIE hierdie goeie werk begin het

Paulus praat van **Hy wat 'n goeie werk in julle begin het**. Hierdie **Hy** is Niemand anders as God self nie. God is die Bewerker van die geloof in ons harte. Hy het daardie goeie werk in ons hart en in die harte van die Filippense tot stand gebring.

1. Daarmee sê Paulus in die eerste plek: dit is **nie hyself, hy as prediker**, wat die goeie werk in die Filippense verrig het nie. Uit Handeling 16 sal u onthou wat 'n pragtige werk die apostel daar in Filippi gedoen het, hoe hy oorgegaan het na Macedonië en vir die vroue daar langs die rivier gepreek het. 'n Paar dae later het hy ook vir die slavin met die waarsêende gees die evangelie verkondig, want in die Naam van Jesus Christus het hy die bose gees uit haar uitgedryf. Toe Paulus daarop in die tronk gegooi is, het hy vir die tronkbewaarde gepreek en die man het tot bekering gekom. Ja, dit was 'n pragtige stuk evangelisasie wat Paulus daar verrig het. Deur sy arbeid het daar 'n gemeente tot stand gekom.

En tóg - as hy aan die Filippense skryf, verwys hy **nie** na al die werk wat **hy** gedoen het nie. Intendeel, hy praat alleen van die goeie werk wat **die Hére** in julle begin het.

Dit was Paulus se standpunt dwarsdeur sy bediening: hy kan mense nie tot geloof bring nie. Dit is net God se werk. So lewer hy aan die einde van sy eerste sendingreis verslag aan die gemeente van Anthiochië en dan vertel hy aan hulle “van al die dinge wat **God** met hulle gedoen het, en dat **God** ‘n deur van geloof vir die heidene geopen het” (Handelinge 14:27). Daar hoor u dit dan ook weer: Paulus self erken dat dit die Here is en nie hy nie wat ‘n deur van geloof vir die heidene geopen het.

Dit het Paulus ook in Filippi ervaar. Want onder sy prediking het **die Here** die deur van Lidia se hart geopen, sodat sy ag gegee het op wat deur Paulus gesê is. (Hand 16:14)

‘n Predikant, ‘n ouderling, ons ouers kan ons dus nie die geloof gee nie. Daardie goeie werk is uitsluitlik die werk van die Here. Hy sluit ons harte oop deur sy Woord en deur sy Gees.

2. Maar as Paulus in ons teks praat van die goeie werk wat God in die Filippense begin het, dan bedoel hy daarmee in die *tweede plek* ook: dit is ook nie **die mense self, die hoorders**, wat hulle harte oopgemaak het vir die Here nie. Ons kan ander mense nie die geloof gee nie, maar ons kan ook nie self begin glo nie.

Die Bybel leer ons oral: ons verlossing is geheel en al God se werk. Self kom ons nie na die Here toe nie en self maak ons nie ons harte vir die Here oop nie. Dit was ook wat in die geskiedenis van die ontstaan van die gemeente van Filippi gebeur het: hulle het nie uit hulle eie na God toe gekom en na sy evangelie gevra nie. Maar sonder dat hulle daarom gevra het, het die Here sy diensknegte, Paulus en Silas en die ander na hulle gestuur en sonder dat hulle daarom gevra het, het die Here hulle harte geopen.

Trouens, Paulus self het dit ook ervaar. Hy was ‘n lasteraar en ‘n vervolger van die gemeente. En as dit van homself afgehang het, sou hy so bly aangaan het. Hy sou nooit self tot geloof gekom het en ‘n Christen geword het nie. Maar op weg na Damaskus het God ongevraag, sonder dat Paulus dit self gewil het, in sy lewe ingegryp en hom tot geloof gebring. Hy het nie na God toe gegaan nie, maar God het na hom toe gekom.

Dit is daarom nooit ons wat ons harte vir die Here gee nie, maar in sy groot genade kom God en Hy vat ons hart en Hy breek dit oop vir sy blye evangelie. Dit is pure genade. Dit is ‘n heerlike Godswonder.

En dit erken Paulus ook in ons teks. Want wat u daar voor u het, is ‘n **dankgebed: die apostel dank God** vir die goeie werk wat **Hy** in die harte van daardie Filippense verrig het en omdat **Hy** hulle so deel gegee het aan die evangelie. **Het ons God al gedank vir ons geloof?**

God begin dus die geloof in ons harte. Maar dit is nie al nie: **Hy sit dit ook voort** en Hy versterk dit ook tot op daardie dag wanneer ons voor die Seun van God moet verskyn. Daarvan praat die apostel ook in ons teks.

In ons **Dordtse Leerreëls hoofstuk 5** praat ons van die **volharding van die heiliges**. Daarmee bedoel ons: **om aan te hou in die geloof totdat ons die wenstreep gehaal het**. Maar uit die Dordtse Leerreëls en uit ons teks is dit duidelik: dat ons aanhou en dat ons bly glo, is nie te danke aan onself nie. Dit is alleen omdat die Here die goeie werk wat Hy in ons begin het, die werk van die geloof - omdat Hy dit ook voortsit en ons geloof ook staande hou.

Die Filippense-brief staan bekend as die **blydskap-brief**. Maar ons sal nooit uit die oog moet verloor nie: dit was God en **God se dade wat hierdie mense so bly gemaak het**. Hulle was bly oor God se verlossingswerk en hulle het hulle verheug, omdat Hy ook hulle geloof instandhou.

Daarom is Paulus se bede ‘n **blye dankgebed**. Vanweë God se werk. Wat ‘n mens verder in hierdie gebed tref, is die klank van **vertroue**: dit is ‘n **gebed vol vertroue**. Paulus vertrou dat God die Filippense se geloof staande sal hou. God is immers betroubaar: die werk wat Hy begin het, sal Hy ook voltooi.

Maar ons kom laastens by:

2.3. die DOEL van die goeie werk

Waarom doen God hierdie goeie werk in ons? Daardeur is Hy besig om ons te vorm en om ons voor te berei vir die **dag van Christus**.

Daarmee bedoel die apostel: daardie dag as Jesus weerkom op die wolke van die hemel, daardie dag as ons almal voor sy regterstoel moet verskyn.

Daarheen is ons immers almal op weg. Maar...dink u nog daaraan? En: is u gereed daarvoor? Is u gereed om u God te ontmoet? Het u die geloof?

Weereens: as dit van onself sou afhang, sou dit vir ons 'n vreeslike dag gewees het. Want dan sou ons sonder geloof voor die Regter van hemel en aarde moes verskyn. Want ons kan immers nie self in die geloof staande bly nie.

Maar dit is nou juis die vreugdeboodskap van ons teks: **Gód doen dit**. Hy hou die goeie werk van die geloof in ons staande. Daarom staan daar aan die einde van ons lewensweg nie 'n klaaghuis nie, maar 'n feessaal. God het vir ons 'n ewige vreugde berei. Dit is die doel wat Hy met ons op die oog het, wanneer Hy die goeie werk van die geloof in ons begin en uitbou.

3. Slot

Kan ons daarvan seker wees dat ons eenmaal feesgenote van God sal wees en dat ons saam met Hom sal aansit aan die feesmaal van die Lam?

Nie as ons op onself sien nie. Ons is immers self so swak.

Maar as ons bedink dat die Here self ons geloof staande hou, dan gaan ons met vreugde ons weg deur hierdie lewe, totdat ons eenmaal in die feeshuis, in die nuwe Jerusalem, ariveer. Daar sal ons blydschap volmaak wees. Intussen kan ons ons hier alreeds verbly, omdat ons weet dat die goeie werk van die geloof in ons harte nie in ons eie hande is nie, maar in die almagtige hande van God.

AMEN